**Vrydag 30 Junie**
**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:8-12 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:8-12**

## Gedrag in die huisgesin

Daar is nie ’n ander samelewingstruktuur waar mens so naby aan mekaar leef soos in jou huisgesin nie. Spreuke (17:1) stel dat in hierdie saamwoon ’n stuk droë brood beter is as ’n huis vol twis. Maar, hierdie lewe saam is veronderstel om die wonderlikste seën in ’n mens se lewe te wees.

Gevul met die Heilige Gees, mag gelowiges die huisgesin beleef as ’n plek van groot vreugde. Petrus sluit die gedeelte af met die oproep tot gelowiges in gedagte. Hy het reeds in die vorige hoofstuk daarop gewys hoe hulle in die wêreld moet leef. Nou is dit gemik na hoe gelowiges onder mekaar moet optree (vgl. Rom. 12). Hoor hoe wonderlik is die eienskappe wat uigeleef moet word: eensgesindheid, deernis, broederliefde, sagmoedigheid en nederigheid van sin. Dit is alles deel van die vrug van die Gees.

Petrus herhaal Jesus se woorde (Luk. 6:28) deur wraak te verbied, maar te herinner dat ons geroep is om vir mekaar te seën soos die Here Jesus ook tot aan die kruis gedoen het. Christene moet ’n seën wees vir ander. Die aanhaling wat volg, kom uit Psalm 34. Die Here se oë is op die regverdige en die seën kom eindelik van Hom af. Waar gelowiges dus volgens God se wil leef, seën Hy hulle in hul verhoudings en omstandighede. Hy lei ons deur sy Gees daartoe om uit te leef waartoe Hy ons geroep het. Daardeur leef ons die vrug van die Gees uit en is ons ’n seën vir ander.

In ons huisgesinne beleef ons die genade dat ons hierdie seën vanaf elkeen in die gesin mag beleef. Die Heilige Gees werk in elke gelowige en in gehoorsaamheid aan Hom is elkeen ’n seën vir mekaar.

*Sing: Psalm 133-2:1-2*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*